**Tema:** Die dood is 'n komma, nie 'n punt nie.
**Skriflesing:** Luk 20:27-38

Wie was die Sadduseërs?
Hulle was 'n konserwatiewe godsdienstige groep wat die kern van die leiers by die tempel in Jerusalemuitgemaak net. Hulle het gekom uit ryk en belangrike families en was invloedryke mense.
Hulle het net geglo in die eerste 5 boeke van die Bybel en het streng hierby gehou. In hierdie boeke het hulle geen verwysing na opstanding uit dood gekry nie en daarom het hulle dit verwerp. Hulle het geglo dat as jou lewe op aarde verby is, is dit klaar met jou. Met hulle vraag bevraagteken hulle ook die feit dat Jesus sê Hy gaan opstaan uit die dood.

Daarom vra hulle vraag oor swaer-huwelik waarvan ons lees in Genesis 38:8 en Deuteronomium 25:5-6. Hiermee wil hulle eintlik bevestig dat daar nie 'n opstanding kan wees nie. Dink net aan die chaos as een vrou wat 7 manne gehad het, saam met hulle almal opstaan.

Die Sadduseërs het die Here in hulle boksies van denke geplaas. Hy moes inpas by hulle verstaan. Hy moes inpas by wat hulle pas.
Die gedeelte roep ons op om te besin hoe ons met die Here en sy Woord omgaan. Soos die Sadduseërs met gevestigde ideologiese standpunte stelling ingeneem het teenoor Jesus om sy Skrifverstaan te toets, so kom ons elkeen ook met 'n agtergrond en voorveronderstellings in Skrifgesprekke in.
Wanneer iets nie binne mense se verwysingsraamwerk val nie, is dit vir baie mense nie moontlik nie. Dit is een van die dae Kersfees. Daar is baie mense wat verklaar dat dit onmoontlik is dat Jesus, soos wat ons bely, ontvang is van die Heilige Gees en gebore is uit die maagd Maria. Sulke geloof, wat nie met God se Goddelike vermoëns rekening hou nie, is eintlik ongeloof of kleingeloof.

Ons word opnuut uitgedaag om ons te laat lei deur die Heilge Gees. Gestroop van ons gevestigde standpunte en voorveronderstellings moet ons met die Woord van God omgaan. Ek moet hoor, nie wat ek wil hoor nie, maar wat Hy wil sê.

Jesus en die Sadduseërs stem oor een ding saam en dit is dat die aardse lewe deur die liggaamlike dood beëindig word. Niemand van ons sal dit onsnap nie. Maar ons dood is nie 'n punt soos die Sadduseërs geglo het nie. Jesus se opstanding het die dood van sy kinders in 'n komma verander.

Jesus leer hulle en ons iets van die onderskeid tussen hierdie lewe en die opstandingslewe. Die hemel is nie bloot 'n verlengstuk van die lewe op aarde nie. Ons kan nie in aardse terme aan die toekomstige wêreld dink nie, dit is gans anders. Dit is 'n splinternuwe manier van leef. Verhoudings daar gaan anders wees as ons aardse verhoudings.

Hier op aarde is van ons getroud. In die hemel tel dinge soos getroud wees nie meer nie. Hier sterf ons, in die hemel leef mense.
Kinders van die Here sal saam met die Hom uit die dood opgestaan. Hy leef en ons met Hom!

Jesus antwoord die Sadduseërs se vraag uit hul geliefde eerste 5 boeke van die Bybel. In Eksodus 3 het Moses by die doringbos, lank na hulle dood, gepraat van die God van Abraham, Isak en Jakob.
Hy was nie net hulle God toe hul geleef het nie. God het nie net getrou gebly terwyl hulle hier op aarde Hom gedien het nie. Ook na hulle gesterf het, bly Hy getrou as hulle God. Sy verhouding met mense strek verder as die dood. Hy laat hulle uit die dood opstaan. Hulle leef op 'n splinternuwe manier by God.

Ons lees verder in Luk 20:36: "Hulle kan ook nie meer sterwe nie; hulle is soos die engele. Hulle is kinders van God, omdat hulle uit die dood opgestaan het."
Die Sadduseërs het nie in die opstanding geglo nie en hulle het ook nie in engele geglo nie. Ons word nie engele wanneer ons hemel toe gaan nie. Engele en mense is afsonderlike skeppings van God (Hebreërs 1-2).
Ons gaan leef in 'n verheerlikte toestand soos die van engele of soos die van Jesus na sy opstanding by God.

En dit bring ons by die kernvers van Jesus se antwoord – Luk 20:38:" Hy is nie 'n God van dooies nie maar van lewendes, want by Hom leef hulle almal."
In die 2020 vertaling word die einde van die vers soos volg vertaal: "Wat Hom betref is almal lewendes."

God is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes.

Om by God te wees, is om te leef. En hierdie lewe begin reeds hier op aarde. In Johannes 17:3 staan daar: "En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is."

In Romeine 6:23 lees ons: "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here."
Na aanleiding van ons tema sal ons dit ook so kan lees: "Die loon wat die sonde gee, is die punt; die komma wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.

Dit is waarom Jesus gekom het. In die tweede deel van Johannes 10:10 sê Jesus: "Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."

En hierdie lewe van oorvloed eindig nie by die graf nie – ons is mense met 'n toekoms.
Ek herinner julle aan Paulus se woorde in Filippense 1:21-24: "want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins. As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met vrugbare arbeid. Wat ek moet kies, weet ek nie. Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste; maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly lewe."

**Afsluiting**
'n Onbeskryflik goeie en mooi lewe lê vir ons en wag in die hiernamaals, maar dit is ook in die hier en nou beskikbaar vir ons. Ons moet, na aanleiding van verlede sondag se preek, net bereid wees om van ons lere af te klim. Ons bereid wees om te laat gaan, om ons bekende, aardse sekuriteite te los en die toekoms in geloof saam met God in te stap.

Waar God is, is daar lewe - goeie en mooi geseënde lewe.
Waar God is, is die ... hemel - ook reeds hier op aarde!
Amen